Donker Web
Feite en fiksie

- Die karakters in die boek is fiktief.
- Die kuberkrakertegnieke kan werklik uitgevoer word.
- Die krakingsprogramme, soos Meterpeter, bestaan werklik.
- Ransomware en Doxware word deesdae deur kuberkrakers ingespan om mense af te pers vir Bitcoin of om ander redes.
- Die Wayback Machine bestaan werklik. Gaan kyk gerus hoe www.kalahari.net destyds gelyk het. Die webblad het intussen met Takealot s'n saamgesmelt.
- Enige mens kan deesdae gesigherkenningsagteware koop. Rekognition is Amazon se sagteware, maar daar is ook ander sagteware op GitHub.
- Taylor Swift het werklikwaar gesigherkenningsagteware tydens haar Reputation-toer gebruik.
- Die plekke in Istanboel, Florence en Venesië waar die verhaal afspeel, bestaan werklik.
- Lawson Kollege is fiktief.
- Donker patrone bestaan wel op die internet. Sommiges daarvan is baie slinks.
- Dangerous Things verkoop werklik transpondeerders wat jy in jou hand kan plant. Daar is video's op die internet wat wys hoe om dit te doen. Kyk dit net as jy 'n sterk maag het.
- Die aktiwiteite van Project Coast en Vlakplaas is in publikasies en op die internet geboekstaaf. Die verloop van die gevolglike hofsake is ook gedokumenteer.
- Die gifstowwe in die roman bestaan werklik en is inderdaad so skrikwekkend.
- Project Nursery Rhyme is fiktief.
- FontCode is in sy ontwikkelingsfase, maar op die internet is video's wat wys hoe dit werk.
- 'n Mens kan deesdae wapens met 3D-drukkers druk, met planne wat van die internet afgelaai word. DEF CAD en Ghost Gunner bestaan.
- Freedom House hou inderdaad 'n oog oor internetvryheid regoor die wereld. Gaan kyk gerus hoe vry is ons internet in Suid-Afrika in vergelyking met die res van die wêreld.
- Daar is werklikwaar mense onder die vloer van die NG Moederkerk in Stellenbosch begrawe.
- Die gesprekke tussen familie of vriende en die gevangenes by die aanhoudingselle se hek in Stellenbosch vind daagliks plaas.
- Die Pandoravirus en die reusevirus wat onder die ys in Siberië gevind is, bestaan, so ook graphene.

- Geenvervanging is ’n werklikheid, en die eerste CRISPR -babas is alreeds gebore. Deur genetiese manipulering het wetenskaplikes hierdie babas glo immuun gemaak teen die virus wat VIGS veroorsaak.
- Navorsers kan reeds diere se breine met lig beheer. Vir meer inligting kan jy op die internet soek na *Channelrhodopsin*.
- Die Baker se planne met afstandsbreinbeheer kan in die toekoms ’n werklikheid word.
- Laastens, Gli is inderdaad die Hagia Sophia se Instagrammable kat. Jy kan haar volg by *hagiasophiacat*.